The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.



MALL OF AFRICA

# Skep ‘langdurige groei vir Midrand’

## Baie ondernemings skuif hul hoofkantore ná die sentrale punt tussen 2 stede

Elvira Wood

Midrand. – Die Mall of Africa in Midrand gaan hopelik die begin van langdurige ekonomiese groei vir die Waterfall City-gebied wees.

Dit is wat Morné Wilken, uitvoerende hoof van Attacq, glo ná die opening van dié reusesentrum Donderdag.

“Mall of Africa het baie uitsonderlike punte, maar een van die belangrikstes is sekerlik die feit dat die hele nuwe stadsgebied wat ons besig is om in Waterfall City te ontwikkel, juis om die winkelsentrum wentel,” sê hy.

Attacq het ’n belang van 80% in Waterfall City, wat ook die Mall of Africa insluit. Atterbury, die ontwikkelaar, besit 20% van die sentrum.

“Buiten vir die winkelsentrum en grond wat vir behuising ontwikkel word deur Century, sluit ons belang ook heelwat grond in wat spesifiek aan nywerhede toegeken is. Daar is baie belangstelling van nywerhede, veral danksy die infrastruktuurontwikkeling wat reeds gedoen is.

“Ons het ook natuurlik heelwat groot sakeondernemings wat hul hoofkantore tussen Johannesburg en Pretoria wil hê, en nou in Waterfall City ontwikkel,” sê hy.

Wilken glo dat die Waterfall City-ontwikkeling in geheel aansienlik druk sal verlig van die Johannesburgse middestad, Sandton en ook Centurion.


“Die nuwe hoofkantoor van PwC word reg langs die Mall of Africa gebou en ons het ook reeds ander ondernemings soos Cipla, Golder & Associates, Colgate Palmolive en Honda wat hul kantore hierheen geskuif het,” sê hy.

Die geleentheid vir groot ondernemings om nuwe geboue wat volhoubaar is te bou, of as “groen” beskryf kan word, is ’n verdere attraksie, glo Wilkens.

**Mall of Africa glad nie so groot**

Hoewel Mall of Africa die grootste winkelsentrum in die land is wat in een fase ontwikkel is, is daar groter sentrums in Suid-Afrika, soos Gateway in Umhlanga en Canal Walk in Kaapstad.

Sy verhuurbare oppervlak van 130 000 $m^2$ haal nie eens die top-100 lys volgens Wikipedia vir die wêreld se grootste winkelsentrums nie. Die grootste sentrum ter wêreld is in China. Die New South China Mall in Dongguan beslaan sowat 659 612 $m^2$ en huisves meer as 1 000 winkels.






**Die Mall of Africa bied vir nagenoeg 4 500 mense werk en staan sentraal in die Waterfall City ontwikkeling.**
Foto: FELIX DLANGAMANDLA